**Maandag 2 Maart**
**Skrifgedeelte: Genesis 12:1-9**
**Fokus gedeelte: Genesis 12:7 (AFR83)**
**Die volheid van God se beloftes in Christus**

In Genesis 12:1-9 begin Abram se geloofsreis – ’n reis wat God self inisieer deur ’n oproep en ’n belofte. Hierdie belofte het drie duidelike elemente: ’n nageslag, ’n seën, en ’n land. In vers 7 word die belofte van die land direk uitgespreek: “Aan jou nageslag gee Ek hierdie land.” Hier lê ’n sleutelgedagte van God se verbond met Abram – ’n vaste, tasbare erfdeel as teken van God se trou.

Die land Kanaän was meer as net ’n geografiese ruimte. Dit was ’n simbool van God se teenwoordigheid, voorsiening en verbondstrou. Dit is belangrik dat God hierdie belofte aan Abram maak nog voordat hy kinders het of selfs ’n plek besit. Dit wys op God se genadige inisiatief en trou – Hy gee die belofte, en Hy sal dit vervul.

Abram se reaksie op God se belofte is betekenisvol: hy bou ’n altaar. Deur aanbidding bevestig Abram sy vertroue in God se woord. Hy erken die Here as die Een wat belowe en sal gee. Hierdie daad wys op sy aanvaarding van die verbond en op ’n lewe gewortel in geloof.

Vir ons vandag is die “beloofde land” ook ’n beeld van God se rus en erfdeel vir sy kinders – nie noodwendig ’n fisiese plek nie, maar die volheid van sy beloftes in Christus. Dié volheid wat ons nou reeds as Nuwe-Testamentiese gelowiges beleef en sal ontvang. Soos Abram, is ons ook op reis, maar ons stap met hoop, want die Een wat belowe het, is getrou.

*Sing: Psalm 105-1:7, 15*

*Ds. HM (Herman)Stavast (Wierdapark)*